

Die **DROOMGENOOT**

HERFS 2025



Die DROOMGENOOT

Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,

Vandag weet ek nie hoe om te begin nie. My hart is seer – ek het so tussen die lyne gelees dat hierdie die laaste gedrukte Droomgenoot gaan wees. Ja, ek weet alles het 'n begin en 'n einde, maar hierdie baba van my het tog baie mense se dag 'n bietjie opgevrolik en 'n kykie gegee na ander dinge as net hul eie pyne en eensaamheid.

Dit was vir 13 jaar ook vir my 'n voorreg en 'n lekkerte om dit saam te stel en ook om mense te laat glimlag oor sommige van die stories. Veral die laaste jaar was vir my baie spesiaal – ek het fisiese kontak gehad met die persone wat die inhoud deurgegee het, met die wat dit gelees het én dit was lekker om persoonlik die terugvoer te kry nadat die Droomgenoot gelees is.

Maar nou is dit ook so dat alles mos maar tot 'n einde kom en ek wil graag almal bedank wat elke kwartaal betyds hul bydraes aan my gestuur het (sommiges altyd 'n dag of wat laat, maar dit was ook OK). Veral 'n groot dankie aan almal wat die Droomgenoot gelees het, sonder lesers sou dit tog 'n mors van tyd gewees het om alles mooi gereed te kry om te kan uitgee. Dan wil ek veral vir die, wat so nou en dan persoonlik na my toe gekom het en kom dankie sê het, bedank – dit het vir my ontsettend baie beteken.

Ek glo almal het 'n Geseënde Paasfees ervaar.

Groete

Lise Veldsman

Tel: 082 776 2595

E-pos: lise@droomriversdal.co.za



EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is

UIT DIE BAAS SE STOEL

Môre vriende,

Na jare van leesstof in die hand is Droom ook oorwin deur die sosiale media. Hierdie is ons laaste uitgawe van die Droomgenoot en sal voortaan deur facebook as lewende media vervang word. Baie dankie aan Lise wat die stigter was van Die Droomgenoot en as samesteller ook die laaste uitgawe sal uitreik. Jou insae aan die publiek en inwoners, oor die jare, word waardeer.

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om Riaan Bernardo te bedank vir sy diens die afgelope 3 jaar aan ons inwoners. Riaan kan weens sy gesondheid nie voortgaan nie. Ons wens jou en jou familie sterkte toe en dat ons Hemelse Vader jou styf in sy hande sal toevou en sal dra.

Die afgelope kwartaal was erg frusterend omdat die regering nie tot goedkeuring van die begroting kon kom nie. Dit was regtig moeilik om begrotings en verhogings aan te kondig wanneer jy nie weet wat goedgekeur gaan word nie. Ook nie watter invloed die BTW op ons gaan hê nie. Nietemin soos hulle sê "Die party moet voortgaan"

Aan die nuwe inwoners wil ek hartlik welkom sê en ek glo dat julle dit ook julle huis sal maak. Party pas maar moeilik aan terwyl ander dit geniet. Onlangs het ek 'n brief ontvang wat my hartsnare geroer het en ek wil dit met julle deel:

Uittreksel uit epos gedateer Dinsdag 7 Januarie 2025:

Ek skryf graag hierdie brief aan jou oor my verblyf by Tehuis Ou Meule. Dis stil hier, behalwe vir die sagte voetstappe van die verpleegsters in die gang.

Ek lê op my hospitaalbed en dink aan hoe die lewe 'n mens se pad so anders kan laat loop as wat jy beplan. My kinders en my vrou het gesê dis tyd. Tyd vir die versorgingseenheid. En nou is ek hier.

Maar weet julle, partykeer is die onverwagte dinge in die lewe die grootste seëninge. Die vloere hier blink soos spieëls in my ma se ou huis. So skoon dat jy amper kan sien hoe die tyd verbygaan in die weerkaatsing.

Elke oggend kom was hulle my. Elke Maandag 'n stort. Dis vreemd hoe 'n mens se dae gemeet word in hierdie klein ritmes. Die kos is goed – beter as wat ek verwag het. Ek eet heerlik en baie, amper soos in my jong dae op die plaas. Die verpleging hier is ongelooflik goed, altyd behulpsaam en baie vriendelik.

En dan is daar ??????. Jou lag wat deur die gange eggo terwyl jy werk. By die kersete het jy die mense so mooi vermaak – soos 'n Kersvader wat tussen ons almal beweeg. Julle bestuur hierdie plek met 'n hart van goud. Soms, as die son sak en die akkerbome se skaduwees lank word op die grond, sit ek en dink: die lewe het my na die regte plek gebring. Hier waar die vloer blink en die mense se harte nog meer.

Dankie aan die inwoner. Soms is dit nodig dat ons ons self deur die oë van ander sien.

Ek wil dankie sê vir al die bemoedigende wense van so baie. Dit is hierdie wat die taak die moeite werd maak.

Groete

Chris Veldsman

SOMETIMES WE NEED TO **THANK** GOD FOR...

- The brokenness that led us to deeper faith.
- The day we wanted to give up but didn't.
- The relationships that ended—but made room for better ones.
- The plans that didn't work out—because His were better.
- The painful moments that shaped who we are today.
- The sleepless nights that taught us how to pray.
- The times we didn't understand—until we saw His plan unfold.
- The challenges that crushed our strength—but built our trust.
- The people who hurt us—but taught us how to forgive.
- The silence that made us talk to Him more than we ever had.
- The disappointments that cleared the way for what was best.
- The struggles that reminded us—we need Him in everything.
- The moment we finally admitted, “I'm not okay.”
- The storms that tested our faith—but showed us how faithful He really is.
- The opportunities God gave us after we messed up—and didn't deserve them.



VONKE UIT DIE VUURKLIP

(Johan Oosthuizen)

Kosyn- en ander grypers.

So af en toe draai ek die draadloosknop na RSG met die hoop dat die stasie iewers plek sal maak vir 'n vars briesie en toe waai die briesie daar van die Woordfees op Stellenbosch af.

Ek hoor toe van iemand wat 'n nuwe woord uitgedink (uitgekyk) het om onse mooie Afrikaanse taalwoordeskat aan te vul. Ek wou toe myne, snuffeldosie (cubby hole), instuur maar dit was te laat. Dié dag se voorstel was "Kosyngryper" vir mense wat weens ouderdom nie meer so vas op die voete is nie en so 'n bietjie ondersteuning, as hulle loop, verwelkom.

Dit was vir my mooi en toe dink ek, tong in die kies, en identifiseer ál die kosyngrypers hier in onse Ou Meule waar ons dag vir dag ouer word, al ontken baie dit heftig. En as die ou bene en heupe ons stadiger en versigtiger maak, word ons stadig maar seker, onbewustelik, kosyngrypers. Die meeste, soos ek, besef dit nie. Tot eendag en dan sien jy dit raak.

Ek kyk rond en sien myself eerste raak. Weerkaatsing in winkelvensters wys onverwags allerhande goed uit! Die gesonde been vergoed op allerhande maniere om te kompenseer vir die seer een. My kleindogtertjie het haar oë gerek, koppie geskud en ondeund gesê. "Oupa moet liever nie hardloop nie want dit lyk baie snaaks." 'n Mens besef dit nie, maar dit kan nogal, darem nie koddig nie, maar snaaks wees.

Gelukkig kan ons beendere wat breek en uitslyt weer reggemaak word deur ortopede, wat met verstommende chirurgiese vernuf ingryp om dit wat verweer en gebreek het, te vervang en weer nuut te maak.

'n Mens verduur jare se pyn en eendag bekyk jy jousef – jou loop, jou gaan sit en jou opstaan en die pyn word lastiger. Jy begin hinkepink, loop half kruppel en dit begin lyk of jy buk en bekruipe en dit word alles gedoen om pyn in die knie te omseil. Dan kom die dag wat jou dokter jou verwys na die manne wat ou uitgewerkte onderdele met nuwes vervang.

Die dierbare, bekwame ortopediese chirurg het die x-straalplate só gekyk en toe seg hy dat daar nie veel van die goed, wat in 'n knie hoort om hom te laat werk, oor is nie. Al uitkoms was 'n knieervanging en ek, welwetende van die pyniging wat sou volg, stem toe in dat hy messe, bytels en sae maar moet begin slyp.

So kry ek toe 'n nuwe knie, en die Fisio leer my hoe om krukke te bemeester. Met my ontslag het sy vir my 'n handleiding met vyf pynigende oefeninge gegee. Geen genade nie, maar met deernis vir die ou oom wat met pynsweat moet vasbyt om die knie gesond en weer reg te oefen.

Ná 'n klompie weke van vasbyt het die dag aangebreek dat ek sonder krukke moes begin loop. Die eerste treë was min of meer weer soos 'n baba se eerste poging om te loop, maar daar was net nie iemand om my te vang as ek sou val nie.

Die op-eie-bene loperie het in die huis begin. So van vertrek tot vertrek, versigtig en voetjie vir voetjie en al wat tot my redding gekom het, was deurkosyne wat ek kon vasgryp om weer my selfvertroue terug te wen.

Ek dag toe ek is maar net 'n ou mens wat, soos amper tagtig jaar gelede, versigtig en waggelend moes leer loop het. En so van vertrek tot vertrek was daar altyd iets wat tot my redding gekom het. Stabiele vashouplek! Toe besef ek en toe wéét ek: Ek is 'n kosyngryper!

Stelselmatig het ek besef dat ek weer normaal kon loop. My ou gekrokte knie het my gedwing om my manier van loop aan te pas om pyn te vermy en nou's daar nie meer pyn nie! Ek moet nou konsentreer om die gewoonte af te leer. In die proses het, wat ek raakgesien en ervaar het, my laat besef dat ek nie net 'n kosyngryper was nie.

Ek het myself dopgehou. As ek 'n vertrek binnegestap het, het my oë vanself na stoele se rugleunings gesoek en my hande het daarna uitgereik. Wonderlike ondersteuners! Dit het my veiliger laat voel want dit het stabiliteit gebring. Toe wonder ek of ek nie dalk 'n leuninggryper is nie!

Terwyl ek die gange of trappe afgestap of geklim het, het my hande onbewustelik, onwillekeurig in die rigting van handrelings beweeg totdat ek hulle kon beetkry. Deesdae moet ek bewustelik my hande terughou, want dis nie meer vir my nodig om 'n relinggryper te wees nie!

Ons mag maar gryp. Ons is grypers vir 'n baie goeie rede. Dit bring stabiliteit en keer dat ons val, want as ons nou val, breek ons. Natuurlik is ons nie almal so nie! Ons sien elke dag die wat kiertsregop is, met 'n effense afname in flinkheid, maar wat steeds nog nie grypers is nie en heimlik beny ons hulle.

Grypers mag ons wees en ons leef daarmee saam. Maar praat van my as die ou mensie wat 'n kosyngrypertjie is, dan word ek 'n kieregryper en dreig jou, want bykom sal ek jou nie meer kan bykom nie. Wie's jou mensie!?

Ja wat, laat ons dit maar erken. Ons ou bles en gryskoppe is grypers. Ja, selfs teruggrypers of verledegrypers as ons terugverlang na die koel waters wat onder die brug deurgespoel het. Die dae toe jong bloed deur ons are gepols het. Ons het die vreugdes van vergange se dae diep in ons harte gebêre en ons hou vas aan wat ons nie wil vergeet nie.

En nou sit ek ten slotte só en dink. Ons is ook goedsoekers! Alewig soek ons na ons goed! Dis my bril, my sleutels, my beursie, gehoorstukke, jou hoed, knipmes en al die ander. Die goed is nie waar jy dit neergesit het nie en dan kry jy dit op 'n plek. So dink jy. Jy kry die ding altyd waar hy nie veronderstel is om te wees nie. Ja en dan's nog 'n ding wat ons gereeld soek: Die ou Ingelsman het gesug: *Of all the things I've lost, I miss my memory the most.*

"Ja," het ou Kerneels gesê, "dié ouderverdomp! Hy's daar. Ons moet net nie laat hy ons onderkry nie!"



ENGELE.

In Psalm 91 lees ons 'n kosbare belofte en versekering: Omdat jy die Here as skuilplek geneem het ... Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra ...

Vir meer as vyftig jaar al wonder ek oor engele. God se engele. Waar is hulle? Hoe lyk hulle? Alomteenwoordige, swewende geeste in die lug? Doodgewone mense? Dalk jou buurman of iemand wat jy eenkeer in jou lewe sien en dan nooit weer daarna nie? Wie is die persoon wat uit die bloute verskyn as my nood op sy hoogste is?

Dit was meer as vyftig jaar terug en ons was laatnag, op pad na Bloemfontein, toe ons vyfjarige dogtertjie groot nood gehad het en ek moes stop en van die pad aftrek. Toe die motor tot stilstand kom, het ek afgesluit en die ligte het vanself binne sekondes verdof.

Ek het die sleutel gedraai en daar was nie eens 'n klikgeluid nie. 'n Nag was nog nooit so donker nie. Nadat my vrou en dogtertjie weer ingeklim het, het ek vir hulle verduidelik in watter verknorsing ons was. Ná doodse pikdonker stilte het Suryn voorgestel dat ons moes bid.

In my desperate beklemming het ek haar gevra om te bid en toe bid sy 'n eenvoudige kindergebedjie: "Here Jesus, ons kar wil nie vat nie en dis koud en donker. Net U kan nou help. Help ons asseblief. Amen."

Gespanne stilte en toe laat sy weer van haar hoor: "As oom Albert nou hier was, het hy ons gehelp." Oom Albert was ons buurman in Bloemfontein en hy was 'n werktuigkundige. "Ja, my kind, hy lê nou lekker, vas aan die slaap," het ek radeloos (ongelowig?) geantwoord.

In die truspieël het ek in die verte twee helder liggies gesien. Toe die motor naby genoeg was, het ek deur die venster met my arm gewaai. Teen 'n taamlike spoed is die motor by ons verby en toe skyn daar skielik rooi remligte.

Sekondes daarna was die motor terug langs ons en toe die bestuurder uitklim was dit OOM ALBERT, van Bethlehem af, op pad huis toe. Hy het ons motor aan die gang gekry en toe verder agter ons aangery totdat ons veilig by die huis was.

Was dié vriend in ons nood en benoudheid 'n engel?

'n Mens hoor dikwels soortgelyke stories wat 'n mens laat wonder, maar ek wil hou by onlangse gebeure toe ons by familie in Engeland gaan kuier het. Die goed wat ons ervaar het, het ons telkens in verwondering vir mekaar gesê dat so-iets mos nie net toevallig kon gebeur het nie.

Mense wat my ken sal weet dat ek en my bekende kierie onafskeidbaar van mekaar is. Die kierie móés saam. Alles het glad verloop en toe ons handbagasie deur die tunnel is, het ek gesien hoe die man aan die eindpunt die kierie eenkant sit en toe groet ek solank my ou kromkieriemaat.

Toe ek my handbagasie vat, het die man die kierie in sy hande gehad. Hy wou weet of dit myne is en voordat ek kon begin soebat, het hy vriendelik gevra of die kierie 'n prys het. "Nee," seg ek en toe hoor ek amper pleitend: "Meneer, maak jou prys. Ek het nog nooit so 'n besondere kierie gesien nie!" "Daarom het hy nie 'n prys nie!" seg ek en toe groet ons amper soos broers.

So land ons toe op Doha lughawe in Qatar in die vroeë oggendure. Van die vliegtuig af, is ons per bus na die hoofgebou met die vertreksale. Toe ons van die bus afklim, het ons moeg en seer die spul bekyk. Net die gebou en die bedrywigheid

daarin was vir my groter as 'n woelige stad en toe pak 'n ongekeerde paniekerigheid my beet.

Terwyl ons steunend met handbagasie die vreemde ingeworstel het, het 'n man in uniform na vore getree en, soos ek gevoel het, my kiere by my afgeneem. Hy het terug getree en die kiere in 'n rigting geswaai en toe sien ek nog 'n man in uniform nader kom. "Ja wragtag," seg ek ontsteld, "nou's ek my kiere kwyt!"

Tot my stomme verbasing, kom die man toe daar aan met 'n bielie van 'n rolstoel. Hy vat toe ons handbagasie en laai dit op 'n rakkie en voor jy kon sê mes, het hy my behendig in die rolstoel my sit laat kry. Hy's toe met my en my ou Vasbytertjie tussen die malende massas deur tot by 'n ruim gholfkarretjie, waar ons, met ons goed, versigtig soos porseleinpoppe, op die karretjies gelaai is.

Vriendelike amptenare het ons paspoorte geneem en alle formaliteite namens ons afgehandel en die eerste wat ons weer op ons voete was, was toe ons in die vliegtuig na ons sitplekke gestap het.

Nou wonder ek. Was onbekende amptenare in ons grootste nood dalk engele?

In Engeland het my liewe vrou skielik ernstig siek geword. Ons het ons in die ongevalle-afdeling se wagsaal van 'n reuse hospitaal bevind. Ná ure se wag is ons geroep. Toe ons die eerste spreekkamer instap, het 'n swart dokter sy hand na my uitgesteek.

Sy "Meneer, mag ek Afrikaans met u praat?" het my uit die veld geslaan en toe ek vir hom vra of ek isiSwati met hom kon praat, was hy uit die veld geslaan! "Sawubona mfowethu", groet ek hom en toe voel ons in die vreemde soos broers. So met die

gesels vind ons toe uit ons geboortedorpe in die Laeveld, was net 80 km van mekaar af.

Die ondersoek was deeglik en professioneel en hy het gesê dat daar nog vyf ondersoeke voorgelê het. "Dit kan 'n baie lang dag word", seg hy, "maar, ek ken al die kort paadjies en ek sal die hekke vir julle gaan oopmaak." Dis presies wat hy gedoen het en in 'n raps ná 'n uur het ons in die wagsaal die vir die uitslag begin wag. Daar het die umSwati dokter vinnig kom inloer en gevra of alles goed afgeloop het.

Was die dierbare dokter in die vreemde dalk 'n engel?

Die diagnose was hartversaking, wat ons vakansieplanne sleg in die wiele gery het. Eers ná nege dae kon ons Nederland toe gaan. My skoonsus het die vlugte, met pasasierondersteuning, bespreek en ons is per bus na die lughawe en van meet af aan, het alles seepglad verloop.

Nadat ons bagasie binne minute ingeweeg is, moes ons in 'n lokaal wag om per rolstoele verder geneem te word. Daar het ons moeilikheid begin toe aangekondig is dat die vlug gekanselleer was. Wat daarna gebeur het is nie nou ter sprake nie. Weens tegniese redes kon ons nie vir 'n ander vlug, die volgende dag, inboek nie. Dit was 'n uiters traumatiese ervaring. Meer as vyf ure later, van bakboord na stuurboord, het ek en my bitter siek Vasbyttertjie, amper verby breekpunt op 'n bank gesit. Ek het 'n desperate noodskietgebedjie geprewel.

Skielik het 'n dame uit die bloute, in 'n blou uniform, sonder enige kentekens, voor ons gestaan. "I'm Samantha. I'm here to assist you. How can I help? My ou Sieketjie het in 'n bondeltjie langs my gesit en ek het my hart uitgestort. Sy het op haar knieë voor ons fyn geluister.

“Just wait here. I’ll be back as soon as possible. Don’t worry about your luggage.” Tien minute later is ons bagasie, na vorige ure se onsuksesvolle gesukkel, by ons afgelewer. Ná nog ’n halfuur was Samantha terug.

“It’s obvious that you are very traumatized and you need a break. Your hotel booking for two nights are done. Your flight is booked for Monday and a taxi is booked for both journeys.” Sy het by ons gebly totdat die manne met die rolstoele ons kom oplaai het. Sy het vriendelik gegroet en ons het haar nie weer gesien nie. Die taxi het ons net na middernag voor ’n 5-ster hotel, waar portiere met rolstoele vir ons gewag het, afgelaai.

Die Maandagoggend het die taxi vir ons gewag en ons is op die lughawe voor die vertreksaal afgelaai. Vlugondersteuning was ongelooflik en alles is vir ons gereël en gedoen en ons kon tot op Schippol lughawe ons hande en voete aan die saligheid oorgee.

Ek wonder of Samantha nie dalk ’n engel uit Vader se bloute was nie.

Onlangs het ’n jong seun voor ’n motor beland en is baie ernstig beseer. Eerste op die toneel was ’n dame wat onmiddellik ’n gebedsketting aktiveer het. Die seun herstel tans, sonder breuke, merkwaardig vinnig.

Was die dame die engel? En was daar dalk ’n onsigbare engel toe die motor die seun getref het?

Ons predikantsvrou en haar kinders was onlangs in ’n lelike motorbotsing betrokke. Eerste op die toneel was ’n span paramedici wat dadelik die beseerdes kon versorg.

Was hulle dalk engele? En was daar onsigbare engele toe die gru-ongeluk plaasgevind het?

Vader sê Hy sal sy engele opdrag gee om ons te beskerm en dan dóén Hy dit. Die bewyse is daar en spreek vanself. Moet ek bly wonder?

The Angels

May angels rest beside your door,
May you hear their voices sing.
May you feel their loving care for you,
May you hear their peace bells ring.
May angels always care for you,
And not let you trip and fall,
May they bear you up on angel's wings,
May they keep you standing tall.
May they whisper wisdom in your ear,
May they touch you when you need,
May they remove from you each trace of fear,
May they keep you from feeling greed.
May they fill you with their presence,
May they show you love untold,
May they always stand beside you
And make you ever bold.
May they teach you what you need to know
About life here and here-after.
May they fill you always with their love
And give you the gift of laughter



SOSIALE AFDELING

Tjoef, Tjaff en die paasfeesseisoen is alweer met ons. Kom loer saam met my na 'n paar van die sosiale gebeure wat in die eerste kwartaal van die jaar afgespeel het.

Nuwe jaar, nuwe dinge en so ook nuwe Hoërskool leerders. Die nuutste Graad 8 "Koshuis Dasse" van Hoërskool Langenhoven het met hulp van hulle Graad 12 "Meesters en Milady's" kom spog met hulle talente deur Ou Meule se inwoners sommer van die straat af te vermaak.



Op 5 Februarie het van ons inwoners vroegoggend Jukskei gespeel. Chris Hattingh het weggestap as die winner!



Natuurlik was daar weer groot opgewondenheid onder ons inwoners toe die jaarlikse Landbouskou ontbyt nader kruip. Hierdie bederf wat jaarliks deur Betsie van Noordwyk en die skou komitee vir ons inwoners aangebied word, is verseker altyd 'n hoogtepunt. Die HCBC span onder leiding van Cornell Malherbe het ons inwoners vergesel na die ete en daarna het ons 'n draai deur die skou gaan stap en ons verkyk aan al die prag diere, masjienerie en stalletjies.



Die Voortrekker Leeus het tehuis Jan Lange besoek en saam met die inwoners Bingo gespeel. Die les vir die dag vir die voortrekkertjies was: "Om diensbaar te wees kan ook lekker wees!"






Watter voorreg was dit nie om op 27 Februarie saam met tannie Naomi Stander haar 101 jaar verjaarsdag te vier. Hordes boodskappe het van wyd en suid ingestroom om tannie Naomi geluk te wens met haar verjaarsdag. Hessequa se Burgermeester, Mnr. Grant Riddles, en Raadslid Betsie van Noordwyk het ook kom besoek aflê. Trends restaurant het vir tannie Naomi die lekkerste sjokoladekoek gemaak en Feedem het vir die versnaperinge gesorg. Fred Conradie het spesiaal kom musiek maak vir sy gunsteling tannie, waarna sy natuurlik ook vir 'n paar danspassies gevat is - sommer so in haar rolstoel.





Op 3 Maart by tehuis Ou Meule, was van ons dames bevoorreg om bederf te word deur Anita van "The Duchess Salon".



Op 3 Maart by Tehuis Jan Lange het Oudioloog, Zanri Swart gratis gehoor sifting toetse gedoen. Zanri het aan ons inwoners verduidelik dat dit belangrik is om jou gehoor te laat toets, dit is immers een van ons belangrikste sintuie.





Dis eers genoeg van my kant af, tot volgende keer.

Mooi loop,
Eloize Scrooby

!AANDAG ALLE VRYWILLIGERS!



**WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY DROOM AS VRYWILLIGER
MAAR WEET NIE WAAR OM AAN TE KLOP NIE?!**

HULP KAN AANGEBIED WORD VOLGENS:

**BELANGSTELLING
TALENT
PERSOONLIKHEID
TYD BESKIKBAAR**

KONTAK PERSOON:

ELOIZE SCROOBY, SOSIALE KREATIWITEITS KOÖRDINEERDER, 028 713 2526

OF

STUUR 'N EPOS AAN: SOSIAAL@DROOMRIVERSDAL.CO.ZA

****MET AL DIE BOGENOEMDE INLIGTING EN ONS KONTAK JOU!****



SOEK DIE WOORDE

Die Droom Dinamiet

V	E	R	P	L	E	E	G	S	T	E	R	E	S
G	K	E	R	K	S	T	R	A	A	T	M	O	M
E	E	O	M	G	E	E	E	R	E	G	I	U	D
M	M	W	A	S	H	U	I	S	N	T	C	M	E
E	L	A	D	S	R	E	V	I	R	R	H	E	Z
E	J	A	N	L	A	N	G	E	M	F	E	U	I
N	A	D	N	I	L	R	S	E	C	E	L	L	O
S	L	D	A	I	O	I	L	A	O	E	L	E	L
K	Z	G	E	S	M	O	F	F	R	D	E	L	E
A	G	F	R	L	D	I	E	S	N	E	I	D	E
P	D	E	B	Y	S	E	H	N	E	M	C	R	F
E	V	E	C	D	R	O	O	M	L	E	E	N	R
R	I	B	M	A	B	R	S	L	L	N	E	I	E
C	H	R	I	S	V	E	L	D	S	M	A	N	G

MELODY
VERPLEEGSTER
JAN LANGE
GEMEENSKAP
DROOM
WASHUIS
SR BAMBI
DIENS
CORNELL
MICHELLE
OU MEULE
FEEDEM
KERKSTRAAT
ELOIZE
CHRIS VELDSMAN
VERSORGING
OMGEE
RIVERSDAL
SR LINDA
LEEFREG
LIEFDE

Play this puzzle online at : <https://thewordsearch.com/puzzle/8273438/>

HCBC Projek (Home Community Base Care)

Mediese kalender 2025 (April -Junie)

Belangrike dae om in gedagte te hou:

ARPIL:

- Algemene gesondheids-bewusmakingsmaand

2 April: Wêreld Autisme bewusmakingsdag

7 April: Wêreld gesondheidsdag

25 April: Wêreld Malariadag

Malaria is 'n seisoenale siekte in Suid-Afrika, met die hoogste risiko gedurende die nat somermaande (September tot Mei), hoofsaaklik in lae hoogte gebiede van Limpopo, Mpumalanga en noordelike KwaZulu-Natal.

Gebiede in gevaar:

- Provinsies: Limpopo, Mpumalanga en noordelike KwaZulu-Natal.
- Spesifieke streke: Laehoogte gebiede, insluitend dele van die Krugerwildtuin.
- Grensstreke: Gebiede wat grens aan malaria-endemiese lande soos Mosambiek en Zimbabwe.
- Endemiese distrikte: Mopani- en Vhembe-distrikte in Limpopo-provinsie; Ehlanzeni-distrik in Mpumalanga-provinsie en uMkhanyakude-distrik in die provinsie KwaZulu-Natal.

Malaria seisoen:

Tydsberekening:

Malaria-oordrag is seisoenaal, met die hoogste risiko gedurende die nat somermaande (September tot Mei).

Piek:


Malariagevalle is geneig om in Oktober toe te neem, 'n hoogtepunt in Januarie en Februarie, en teen Mei af te neem.

Voorkoming:

- Vermy muskietbyte: Dra langmouklere, gebruik muskietafweermiddel en slaap onder muskietnette wat met insekdoder behandel is.

- Voorkom muskiet-teling: Skakel staande water uit, wat 'n broeiplek vir muskiete is.
- Raadpleeg 'n dokter: Soek advies van 'n mediese beroepspersoon oor malaria-profilakse, veral as u na malaria-risikogebiede reis.
- Medikasie: Malariavoorkomingsmedikasie is beskikbaar en die Suid-Afrikaanse Nasionale Riglyne vir die Voorkoming van Malaria beveel doksisisklië, meflokië en atovakoon/proguanil aan.
- Tydsberekening: Begin om malaria-profilakse te neem voor reis en gaan voort vir 'n bepaalde tydperk nadat jy teruggekeer het.

MALARIA TRANSMISSION CYCLE



- Soek mediese aandag: As jy koors of griepagtige simptome ontwikkel nadat jy na 'n malaria-risikogebied gereis het, soek onmiddellike mediese hulp.
- Lig Gesondheidsorgverskaffer in: Vertel jou dokter van jou reisgeskiedenis, veral as jy in 'n malaria-risikogebied was.

MEI:

- Teen-rook bewusmakingsmaand:

5 Mei: Wêreld hand-higiënebewusmakingsdag



Moenie dat kieme die oorhand kry nie – was jou hande en was dit deeglik!!

Dit is die pleidooi van die regering aan alle Suid-Afrikaners – veral nadat hulle die badkamer besoek het, 'n baba se doek geruil, vullis hanteer of selfs kos voorberei het. Handewasbewusmaking is 'n jaarlikse instelling wat toegewy is aan die bewusmaking van die belang van hande

was met seep as 'n doeltreffende en bekostigbare manier om die verspreiding van siektes te voorkom.

Hier volg 'n paar wenke om die eenvoudige kuns van handewas te bemeester:

- ✓ Die 20 sekonde reël – Was jou hande vir 'n volle 20 sekondes lank, insluitende jou vingers en onder jou naels.
- ✓ Skuim – gebruik seep, dit maak 'n reuse verskil
- ✓ Moenie jou gewrigte vergeet nie
- ✓ Let op jou naels – ons vingernaels is broeiplek vir kieme. Gebruik 'n naelborseltjie of deur jou vingerpunte te gebruik.
- ✓ Warm water – Hoewel koue water die werk gedoen sal kry kan warm water makliker olies afbreek en kieme verwyder.
- ✓ Afdroog maak saak – maak jou hande deeglik droog.

Soms is die kleinste optrede, soos om jou hande te was, die een wat die grootste impak maak op jou welstand. Navorsers skat dat meer as 'n miljoen sterftes per jaar verhoed kan word, sou almal meer gereeld hande was.

<https://maroelamedia.co.za/nuus/wereld/moenie-dat-kieme-die-oorhand-kry/>

Feite oor handewas wat almal moet weet:

1. Deur jou hande te was verminder jy jou kans om diarree te kry met 31%
2. Deur jou hande te was verminder jy jou kans om verkoue te kry met 58%
3. Volgens 'n studie is bewys dat slegs 31% van mans en 65% van vroue hul hande was na hulle 'n openbare badkamer gebruik het
4. Die beste manier om jou hande af te droog is met weggooi-papierhanddoek. Warmlugdroërs en handdoeke in openbare badkamers kan meer bakterieë op jou hande agetraat as wat daar was voordat jy gewas het.

Bronne: Wikipedia, Centre for disease control and prevention, Global hand washing

7 Mei: Wêreld Asmadag

8 Mei: Wêreld Rooikruisdag

12 Mei: Internasionale Verpleegstersdag



Internasionale Verpleegstersdag word jaarliks op 12 Mei gevier – die herdenking van die geboortedag van Florence Nightingale, wat as die moeder van die moderne verpleegkunde beskou word.

12 – 18 Mei: Wêreld Soutbewusmakingsdag

Sout: Van knippie tot in die knyp

Om iets met 'n knippie sout te neem is nie om dowe neute 'n gesegde wat ons gereeld gebruik of hoor nie. Ofskoon ons liggaam díe mineraal (natrium) nodig het sodat ons gesonde, sout-van-die-aarde-mense kan wees, moet ons ligloop vir Sannie (se sewe sakke sout) én vir Sak Sarel.

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie help soutinname van minder as 5g per dag volwassenes om bloeddruk in bedwang te hou en die risiko van kardiovaskulêre siektes, beroertes, osteoporose, niersiektes en koronêre hartaanvalle te verminder.

Tog neem mense gemiddeld 9 tot 12g sout per dag in. Tot 2,5 miljoen sterftes kan jaarliks wêreldwyd voorkom word as ons ophou om ouma se sout-en-peperstelletjie die middelpunt van die etenstafel te maak!

Dawid Brand

15 Mei – 15 Junie: Tooi Turkoois vir Bejaardes

17 Mei: Wêreld Hipertensiedag

31 Mei: Geen-rookdag

JUNIE:

- Manne Gesondheidsmaand
- Wêreld Bloedskenkdag
- Nasionale Jeugmaand

14 Junie: Wêreld Bloedskenkdag

15 Junie: Wêreld bewusmakingsdag teen Mishandeling van die bejaarde

16 Junie: Jeugdag

Die Gesondheidswerkers het reeds begin om by kleuterskole, asook groepies in die gemeenskap, voorligting te gee i.v.m. higiëne veral die regte manier om hul handjies te was en die borsel van hul tande. Hulle demonstreer op 'n praktiese manier sodat die kleuters dit saam met hulle oefen vir vaslegging.





Was nou jou hande,
was was was was
Was nou jou hande,
was was was was
Was met seep en
was met water
was jou hande
skoon skoon skoon!



Die gemeenskapswerkers het ook woordlose boekies uitgedeel wat hulle kan gebruik in die gemeenskap om jong moeders op te lei om hul babas/kleuters gewoon te maak aan boeke. Babas leer hoe om die boekie vas te hou, later om dit deur te blaai en dan hul eie storie uit elke bladsy verbaal te uiter. Hulle identifiseer kleure, vorms en kan ook deur na die blasy te kyk hulle emosie identifiseer volgens waarneming.



Ons het die voorreg gehad om die 1ste naweek in April die KKNK by te woon en dit was 'n verrykende ervaring om Coenie de Villiers en Rocco de Villiers se vertoning "88" te kon bywoon. Nie alleen is hulle uitmuntende musikante nie, maar hul digkuns raak mens se hartsnare. Ek deel graag een van Coenie se gedigte -

Gebed van 'n Reisiger - Coenie de Villiers

Sny vir my, o Heer, 'n wandelstok of twee
uit die woud by Tsitsikamma en loop dan met my mee
oor die vlaktes van die Groot Karoo,
oor die berge van Natal
langs die kus af tot by Vleesbaai
tot by die groen van Riversdal

Brand die hemel van die Vrystaat
in my hart se dagboek in,
laat my nooit die lug vergeet nie

wat aan die horison begin.

En Heer is dit dieselfde son
wat by my reis se einde skyn?
Behou mens steeds die reuk van reën
as jou geheue dalk sou kwyn?
Want ek vrees mos nie die vreemde nie
selfs die afstand laat my koud
by U is daar geen leemte nie
U bly steeds my behoud.
Al reis ek oor die sewe seë
skuif kontinente stil verby,
sal ek my voetval op U rig
my in die reis verbly.

Maar ek vrees tog wel die eensaamheid,
ek skrik die groot alleen...
dis dan wanneer U my moet dra
want U weet ek gaan daarheen.

Laat die sterre dus my kompas wees
en U steeds my Ware Noord
lei elke voetstap van my reis, o Heer,
want dit is soos dit hoort.
(Album: Coenie 2.2, 2020)

Herfs-groete
Melody Veldsman
(HCBC Projek)



*Almal beleef herfs.
jy gooi dooie blare af.
Hierdie laat-gaan-
proses is moeilik,
maar uitstekende*

*bemesting vir jou
gees om te vernuwe!*



Rooikop, jy is spesiaal, baie spesiaal

Waarom Dokters versigtig is om Rooikoppe te behandel - -
Ons weet almal dat rooikoppe spesiale wesens is, die
besondere skoonhede met gemmerkleurige hare.

En alhoewel daar baie is wat probeer om bloedrooi lokke te kry
met duur salon besoeke, is dit onmoontlik om 'n paar van
rooikoppe se meer unieke eienskappe aan te neem.

Dit was eers in 2000 dat wetenskaplikes die gene geïdentifiseer
het wat verantwoordelik is vir rooi hare - die melanocortine 1
reseptor (MC1R) proteïen.

Ons het almal hierdie gene; soms muteer die geen egter, wat
die kenmerkende rooikop tot gevolg het, saam met 'n ligte vel
en ligte oë.

Omdat MC1R toe eers ontdek is, het navorsers nie 'n idee
presies hoeveel rooikoppe daar op aarde is nie.

Huidige beramings stel die getal op tussen een en twee persent
van die wêreld se bevolking.

Hier is sommige van die maniere waarop die liggame van
rooikoppe verskil van ander.

1. *Hulle benodig meer narkose tydens chirurgie*

Enige narkotiseur sal jou vertel dat, voordat hy sy pasiënte prep
vir chirurgie, sal hy eers kennis neem van die haarkleur.

Dit is omdat rooikoppe meer narkose nodig het om dit deur 'n
operasie te maak as die gemiddelde persoon.

Onthou dus, as jy 'n natuurlike rooikop is wat jou hare gekleur
het, maak seker dat jou dokter weet wat jou natuurlike
haarkleur is voordat jy 'n prosedure ondergaan!

2. Rooikoppe se persepsie van pyn is anders

Asof rooikoppe nie skaars genoeg is nie, dui studies daarop dat hulle pyn verskillend waarneem as brunette en blondines. Volgens navorsing is rooikoppe meer sensitief vir koue temperature en tandpyn, maar is verbasend weerstandig wanneer dit kom by peusel aan gekruide kos.

Hierdie reaksies word vermoedelik veroorsaak deur dieselfde genoemde mutasie, die melancortin-1 reseptor, of die "rooikop geen."

Dieselfde MC1R mutasie wat rooi hare veroorsaak, stel ook 'n hormoon in die brein vry wat die vermoë het om endorfiene na te boots.

Endorfiene het verskeie funksies, maar een van hul primêre rolle is om pynverligting te verskaf.

Dit beïnvloed uiteindelik hoe die liggaampyn-seine van die brein ontvang, wat 'n verhoogde sensitiwiteit vir voorskrif opioïde pynstillers veroorsaak.

As gevolg hiervan kan rooikoppe kleiner dosisse van hierdie middels neem om dieselfde vlak van pyn verdraagsaamheid as ander te bereik.

3. Neem temperatuur veranderinge meer akkuraat waar

Dieselfde mutasie wat rooi hare veroorsaak, maak ook dat rooikoppe meer sensitief is vir temperatuur veranderinge - selfs effense veranderinge.

Hulle voel warm en koue temperatuur veranderinge vinniger en met 'n groter intensiteit as dié met ander haarkleure.

Dus, as jy as donkerkop buite staan en kla oor die koue, is jou rooikop beste vriend langs jou stellig slegter daaraan toe.

4. Hulle liggame produseer hul eie vitamien D

As gevolg van hul natuurlike ligte gelaatskleur, het rooikoppe eintlik nie soveel sonlig nodig as diegene met donkerder vel of bruin en blonde haarkleure nie.

'n Professor in dermatologie aan die Universiteit van Edinburgh verduidelik dat die waarskynlike rede daarvoor is dat rooikoppe vitamien D in hul vel produseer.

Ons maak staat op die son om vitamien D te maak, en as jy 'n baie donker vel het, is dit moeiliker om daardie vitamien D te maak.

Met ander woorde, rooikoppe se liggame het met verloop van tyd aangepas om hul eie spesifieke voedingsbehoefte te voorsien. Wonderlik!

5. Rooikoppe word selde grys

Die hare van rooikoppe raak aanvanklik lig koper, dan blond en uiteindelik wit, en slaan die grys hare stadium heeltemal oor. Hulle is ook geneig om hul pigment langer te behou en het gewoonlik dikker hare as ander mense.

Rooi hare is die moeilikste om te kleur en in stand te hou en maak dit die moeilikste haarkleur om te vervals.

Verhoogde risiko vir sekere siektes

6. Parkinson's

Ongelukkig is rooikoppe byna twee keer meer geneig om Parkinson se siekte te ontwikkel in vergelyking met diegene met donkerder hare.

7. Velkanker

In 'n onlangse studie, gepubliseer in Nature, het wetenskaplikes bekend gemaak dat draers van die melancortin-1 reseptor meer geneig is om melanoom te ontwikkel.

Trouens, die "rooikop gene" veroorsaak dat die las van 'n kanker risiko wat die pasiënt dra met 21 jaar "verouder".

Dus het 'n 41-jarige rooikop dieselfde gevaar om velkanker op te doen as 'n 62-jarige nie-rooikop.

Dermatoloë maan rooikoppe meer en meer om sonskerm te gebruik en meer dikwels voorkomende besoeke te bring.

Wetenskaplikes verduidelik waarom rooikoppe 'n groter risiko vir melanoom het, die dodelikste vorm van velkanker.

Die MC1R mutasie bind nie aan die PTEN gene, wat daarvoor bekend is dat dit gewasse voorkom en beskerm teen kanker nie. Onder normale omstandighede, wanneer daar geen mutasie is nie, sal die gene bind en die vel beskerm teen die ontwikkeling van kankerselle.

Wanneer 'n rooikop blootstelling kry aan ultravioletstrale, breek PTEN af en pigment-produserende selle groei vinnig, om uiteindelik in kanker te ontwikkel.



UIT DIE VERPLEEGAFDELING

Sjoe, dit was Januarie laas wat ons iets vir die DROOMgenoot geskryf het. Die nuwejaar het soos blits begin en die dae snel, ja snel en nie stadig, verby. Ons is al in April en die herfs is op ons. Die winter steek sy kop so nou en dan uit net om jou te herinner jy moet vining jou warmklere, sop, sjerrie, ens byderhand hou, want voor jy jou oë uitvee, is die koue op ons.

Ons moet ongelukkig 'n paar personeellede groet aan die einde van April.
Anna vd Spuy



Anna was in beheer by Jan Lange gewees. Anna het einde 2024 afgetree, maar toe besluit om ons uit te help totdat ons iemand in haar pos kon aanstel. Alhoewel sy net 'n Verpleegassistent is, het sy haar werk gedoen asof sy 'n Geregistreerde Verpleegkundige is. Sy het altyd die ekstra myl geloop vir die inwoners. Die personeel kon haar enige tyd van die dag of nag skakel, dan het Anna of ingegaan of raad oor die foon gegee. Sy gaan 'n groot leemte laat by Jan Lange en ons as bestuur gaan haar baie mis. Baie dankie Anna vir al die jare se onbaatsugtige diens wat jy gelewer het. Die inwoners van Jan Lange gaan baie na jou verlang. Maar Anna het tog gesê sy sal nog bereid wees om by die poedingtafel met die basaar te help.....

Ons het Mnr Remondo Februarie aangestel wat by Anna gaan oorneem. Remondo jy het groot skoen om vol te staan, maar ek glo dit sal net goed gaan. Welkom by ons DROOMspan en ons hoop jy sal baie gelukkig wees.

Stafverpleegster Amanda Fortuin is van 1 Januarie 2023 by ons werksaam. Amanda het haar werk stil-stil deeglik gedoen. Sy het altyd 'n glimlag op haar gesig gehad – 'n mens het haar nooit kwaad gesien nie. Sy het in die Geheueversorgingseenheid gewerk. Alhoewel sy so stil was, gaan ons haar mis, maar wens haar sterkte toe en baie dankie vir dit wat jy vir DROOM en die bejaardes beteken en gedoen het.



Staf Amanda Fortuin

Rozelda Oosthuizen....Nog 'n versorger sê totsiens na bykans 12 jaar by DROOM. Sy het eers by Home Community Based Care gewerk en daarna by die tehuise aangesluit. Baie dankie Rozelda vir al jou harde werk. Ons kon altyd 'n nuweling in haar sorg plaas en sy het die persoon gou-gou die regte roetine en manier van werk geleer. Jy mag nou lekker rus by die huis.

12 Mei 2025 is Internasionale Verpleegstersdag. Ek wil graag die Florence Nightengale Eed plaas ter hendenking aan Florence Nightengale se grondslag wat sy jare gelede gelê het. Elke verpleegster wat opgelei word, lê die eed af met gradering. So is my wens dat alle verpleegsters, susters en selfs versorgers hierdie eed hoog hou, maak nie saak watter tipe werk jy doen nie.

🕯️ Ek beloof plegtig voor God en in die teenwoordigheid van hierdie vergadering om 'n skoon lewe te lei en my beroep pligsgetrou te beoefen.

🕯️ Ek sal my weerhou van enige iets wat skadelik en skandelik is en sal nie wetend enige skadelike medikasie neem of toedien nie.

🕯️ Ek sal alles in my vermoë doen om die standaard van my beroep in stand te hou en te verbeter en sal alle persoonlike sake wat aan my meegedeel word in die uitoefening van my beroep en alle familie-aangeleenthede vertroulik hou.

🕯️ Met lojaliteit sal ek daarna streef om die dokter in sy werk by te staan en om myself toe te wy aan die welsyn van diegene wat aan my sorg toevertrou is.

JAARLIKSE SKOU -

Die jaarlikse Riversdal Plattelandse Skou het in Februarie plaasgevind. DROOM het weer die geleentheid gehad om die pannekoek-stalletjie te beman. Dit was weereens 'n fees om saam met die vrywilligers, onderleiding van Grieta de Jager en Christa de Wet, die paar dae met hulle te spandeer. Daar was omtrent gelag en gesels en lekker pannekoeke verkoop. Die Donderdag was verskriklik warm, ek dink daar was net 'n hoenderdraad dikte tussen ons en Ou Nick gewees. Min pannekoeke is dié dag verkoop. Vrydag het ons die dag op 'n gepaste manier met gebed begin en toe rol die voete in. Ons is baie dankbaar vir elke rand wat ingekom het.





. So lyk dit as iemand letterlik smul aan die heerlike pannekoek. Caroline se tone krul behoorlik van lekkerte.

PARKINSON'S

James Parkinson's 'Essay on the Shaking Palsy', published in 1817, recognised Parkinson's as a medical condition for the first time. We mark his birthday every year on 11 April with World Parkinson's Day, a day to shine a spotlight on Parkinson's and our community.

Overview

Parkinson disease (PD) is a brain condition that causes problems with movement, mental health, sleep, pain and other health issues.

PD gets worse over time. There is no cure, but therapies and medicines can reduce symptoms. Common symptoms include tremors, painful muscle contractions and difficulty speaking.

Parkinson disease results in high rates of disability and the need for care. Many people with PD also develop dementia.

The disease usually occurs in older people, but younger people can also be affected. Men are affected more often than women.

Symptoms of Parkinson disease get worse over time. They can greatly reduce well-being and quality of life.

PD causes the following.

➤ Motor symptoms including:

- slow movement
- tremor
- involuntary movement
- rigidity
- trouble walking
- imbalance

➤ Non-motor symptoms include:

- cognitive impairment
- mental health disorders
- dementia
- sleep disorders
- pain
- sensory disturbances

Involuntary movements (dyskinesias) and painful muscle contractions (dystonias) can cause problems speaking and moving. These symptoms lead to high rates of disability and the need for care. Many people with PD also develop dementia during the course of their disease.

There is no cure for Parkinson disease, but therapies including medicines, surgery and rehabilitation can reduce symptoms.

Medical treatments

Levodopa/carbidopa, a combination medicine that increases the amount of dopamine in the brain, is the most common medication for PD. Doctors

may use other medicines such as anticholinergics to reduce involuntary muscle movement.

Deep brain stimulation and other therapies can help the tremors and reduce the need for medicines.

Rehabilitation including physiotherapy can offer relief for Parkinson disease and other degenerative neurologic disorders.

Therapies include:

- strength training
- gait and balance training
- hydrotherapy

These therapies can help improve functioning and quality of life for people with PD. This can also reduce the strain on carers.

Parkinson's Disease Symptoms



- **Simptome**

- Verandering in geheue, konsentrasie en oordeel.
- Probleme met interpretasie van visuele informasie.
- Spraak is aangetas - Mompel
- Visuele hallusinasie
- Delusie (waanbeelde), veral paranoia
- Depressie, geïrriteerd en angstig
- Slaapversteuring, oormatige dag-lomerigheid en vinnige oog bewegings (rapid eye movement (REM) slaapsteurnis.

Oorsaak en risiko faktore

’n Geskatte 50-80 % van diegene met Parkinsons sal uiteindelik ook dementia ontwikkel. Sommige studies toon dat vanaf die aanvang van Parkinsons, tot tekens van dementia presenteer, gemiddeld 10 jaar is.

Sekere faktore ten tyde van ’n Parkinsons-diagnose mag die risiko vir toekomstige dementia verhoog, wat hoë ouderdom insluit, ernstiger motoriese simptome en middelmatige kognitiewe aantasting

Addisionele risiko faktore mag insluit:

- Die teenwoordigheid van hallusinasies in ’n persoon wie nog nie ander dementia simptome het nie.
- Oormatige slaperigheid deur die dag.
- Nog ’n bekende simptome is die van “freezing” waar die persoon vries terwyl die persoon in beweging is en dit moeilik vind om beweging weer te inisieer. Ook skuifel-skuifel beweging en probleem met balans en val ervaar.

Tot ’n volgende DROOMgenoot.....


Linda Botha

**How many
retirees does it
take to change
a light bulb?**

One, but it'll
take all day.



Smile



Smile

bemestir

gees om te vernuwe!



Hoekom?....

Hoekom soveel haat teenoor
mekaar?....

Breek en Kraak mekaar af....
Gebruik mekaar as trapklippe om
vooruit te kom....

Die lewe is nie 'n Kompetisie
nie....

Het ons, ons deernis verloor?....

So baie seer....

Soveel pyn....

Soveel hartseer....

Soveel baklei....

Soveel gebroke harte....

Het ons vergeet hoe om mekaar lief
te hê....

Het ons vergeet hoe om vir mekaar om
te gee?....

Dit vat net....

Een glimlag...

Een drukkie....

Een mooi gebaar....

'n Daad van Vriendelikheid....

'n bietjie ondersteuning....

VANDAG....NOU....

WANT MORE....

IS nie BELOWE nie....

Maatskaplike Dienste

Aan al ons Inwoners, Familie en die Gemeenskap van Riversdal en omgewing.

Dis my voorreg om verslag te doen oor die maatskaplike afdeling. Ek verwys na 'n skrifgedeelte wat baie van ons elke dag dra.

Rom: 8 vers 31 "God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?"

Wanneer ons werklik nadink oor die teksvers hierbo – 'As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?' – besef ons dat ons nooit hoef te vrees nie. Ons Hemelse Vader is aan ons kant en ons kan volkome op Hom vertrou. In hierdie seisoen het ons die goeie daade van God opnuut beleef deur die opnames van nuwe inwoners. Dit is besonders om te sien hoe deure oopgaan vir mense wat bestem is om deel van ons Droom-familie te wees. Hiervoor kan ons net die Here dank – én ook die mense wat aansoek doen. Die opregte dankbaarheid wat ons in die families van ons inwoners sien, waardeer ons diep. Dit motiveer ons om nóg meer te doen en beter te wees vir ons Tehuse en inwoners. Ons kan egter nie alleen hierdie werk doen nie – sonder julle is dit eenvoudig nie moontlik nie.

Met al die mooi oomblikke, kom daar ook tye van afskeid. Dit is nooit maklik om totsiens te sê nie. Ons loop 'n pad saam met elke inwoner, hulle word familie. Daarom raak ons nooit gewoond aan groet nie, maar ons troos lê daarin dat ons weet wat gedoen is, was goed, en dat ons eendag weer sal ontmoet – by ons Hemelse Vader.

In hierdie tyd het ons die voorreg gehad om sewe nuwe inwoners te verwelkom by Droom, maar ook die seer ervaar van afskeid neem van vier geliefdes. Mag hulle rus in vrede, tot ons weer ontmoet.

Mag ons elkeen lewe, om elke dag ons beste te doen vir onself, familie, vriende en ons Hemelse Vader, want met Die Here by ons hoef ons niks te vrees.

Met liefde en omgee

Cornell Malherbe

Maatskaplike dienste afdeling



Kontakbesonderhede

DROOM, Posbus 270, Riversdal, 6670

DROOM: 028 7132526
E-Pos: ontvangs@droomriversdal.co.za
Web: www.droomriversdal.co.za

2025/2024-boekjaar

Personeel:

Uitvoerende Bestuurder:	Mnr CJ Veldsman
DROOM Ontvangs:	Mev A vd Berg
Personeel-beampte:	Mev M Strydom
Finansiële-beampte:	Mev MG Veldsman
Departementshoof: Maatskaplike Afdelings:	Me C Malherbe
Sosiale Koördineerder:	Me E Scrooby
Hoof geregistreerde verpleegkundige:	Suster L Botha
Geregistreerde verpleegkundige:	Suster U van Niekerk Suster M Michaels Suster L Bambi
Ingeskrewe verpleegkundige:	Stafverpleegster RH Ponto
Versorger Opleiding:	Suster L Bambi
Koördineerder Onderhoud:	Mnr JH Esterhuizen
Sosiale media:	Mev LA Veldsman

Home Community Base Care: (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

Administratiewe beampte:	Mev MG Veldsman
Koördineerder geregistreerde verpleegkundige:	Sr J Slimmert
Nie-professionele koördineerder:	Mev M Jacobs

Etekaartjies:

Weeketes: R65,00
Sondagetes: R75,00
Spesiale etes: Prys sal verskaf word by navraag.
Gastekamer: Tarief sal verskaf word by navraag
Respytsorg: Tarief sal verskaf word by navraag